

MERIETE TOEKENNINGS

- Die leerder sal vir slegs die hoogste toekenning per afdeling kwalifiseer vir 'n sertifikaat.
- Geen hertoekennings (skoolverband) sal tydens merietefunksie gedoen word nie.

	AKADEMIE/ SKOOLBESOEK	LEIERSKAP	KULTUUR	SPORT
TOEKENNING 1	<p>Skoolbesoek: Word toegeken aan 'n leerder wat vir een of twee jaar nie een dag afwesig was nie.</p> <p>Akademie: Akademie - goeie vordering deur die jaar. Moes ten minste 5% deurlpend verbeter het. Mag nie 'n moontlike druipeeling wees nie, of 'n leerder wees wat 'n vak druipe of 'n kind wat 'n toekenning per vak ontvang nie. (maksimum van 2 leerders per klas) Graad 7 leerders wat 70% vir Wiskunde verwerf het kry 'n toekenning.</p>	<p>Top Kredietverwerwers ontvang 'n sertifikaat.</p>	<p>REDENAARS: ALGEHELE WENNERS SKOOL Word toegeken aan 'n leerder wat meeding teen ander grade en dan as algehele wenners aangewys is met die skool se jaarlikse redenaarskompetisie.</p> <p>BYROL IN KONSERT Word toegeken aan 'n leerder wat 'n byrol in die Operette/ Musiekblyspel of konsert vertolk het.</p>	<p>TWEDE PLEK MET CLUSTER EN DISTRIK Word toegeken aan alle atlete (atletiek) wat 'n tweede plek tydens die Cluster en Distrik behaal het. (Aflos ingesluit).</p> <p>MEES BELOWENDE SPAN Word toegeken aan die spanlede van die sportspan wat die mees belowende span was na afloop van die seisoen. Hierdie span moes ten minste ligawenners gewees het.</p>

	AKADEMIE/ SKOOLBESOEK	LEIERSKAP	KULTUUR	SPORT
TOEKENNING 2	<p>Skoolbesoek: Word toegeken aan 'n leerder wat vir drie, vier of vyf jaar nie een dag afwesig was nie.</p> <p>Akademie: Goeie akademiese prestasie Gr 1-3: 'n Gr 1-3 leerder wat 'n gemiddeld van 70- 79% behaal het, volgens die jaarpunt/ promosiepunt. Mag nie 'n moontlike druipeeling wees nie, mag ook nie 'n vak druipe nie.</p> <p>Goeie akademiese prestasie Gr 4-7: 'n Gr 4-7 leerder wat 'n gemiddeld van 70- 79% behaal het, volgens die jaarpunt/ promosiepunt. Mag nie 'n moontlike druipeeling wees nie, mag ook nie 'n vak druipe nie.</p>	<p>MEDIA / DIENSRAAD / SKOLIERPATROLLIE / LOGISTIEKERAAD Word toegeken aan alle media / diensraad / logistiekeraad en skolierpatrollie lede wat hulle werk getrou gedoen het. 'n Leerder wat onttrek het en nie die diensjaar voltooi het nie, verbeur die toekenning.</p>	<p>KUNSWEDSTRYD A, A+ Word toegeken aan alle deelnemers of groepe wat 'n A, of A+ simbool met die kunswedstryd ontvang het in vokaal, kuns, onvoorbereide lees, koor, revue en stilstaande poësie.</p> <p>NAASWENNER REDENAARS EKSTERNE KOMPETISIES Word toegeken aan 'n leerder wat deur die skool geïdentifiseer en ingeskryf is en by ander kompetisies soos ATKV, Abe Bailey, Noord van die Berg en Radikale Redenaars en aangewys is as naaswenner.</p> <p>HOOFROL KONSERT Leerder wat 'n hoofrol in die Operette / Musiekblyspel of konsert vertolk het.</p>	<p>EERSTE PLEK MET WYK OF MET CLUSTER EN DISTRIK Word toegeken aan alle atlete (atletiek) wat 'n eerste plek tydens die Cluster of Distrik byeenkoms behaal het. (Aflos ingesluit). (atletiek)</p>

	AKADEMIE/ SKOOLBESOEK	LEIERSKAP	KULTUUR	SPORT
TOEKENNING 3	<p>GRONDSLAGFASE: Uitstaande akademiese prestasie Gr 1-3: 'n Gr 1-3 leerder wat 'n gemiddeld van 80 % volgens die jaarpunt/promosiepunt verwerf het. Mag nie 'n moontlike druipeeling wees nie, mag ook nie 'n vak druipe nie. 'n Leerder wat in Gr 1 – 3 'n gemiddeld van 80% of hoër in 'n vak behaal het volgens die jaarpunt / promosiepunt. Top presteerder in elke klas Gr. 1 – 3.</p> <p>INTERSENFASE: Word toegeken aan 'n leerder wat onder die Top Tien (6-10) akademiese presteerders in sy of haar graad is volgens die jaarpunt / promosiepunt. 'n Leerder wat in Gr 4 – 7 'n gemiddeld van 80% of hoër in 'n vak behaal het volgens die jaarpunt / promosiepunt. Die leerder wat die beste presteerder per vak per graad is, volgens die jaarpunt/promosiepunt, mits die gemiddeld bo 80% is, ontvang 'n wisseltrofee. Die leerder wat deurgedring het na die finaal van 'n Distriks- kompetisie bv. Mental Mathematics/ Wetenskap Olimpiade.</p> <p>GETROUE SKOOLBESOEK Word toegeken aan 'n leerder wat vir ses jaar nie een dag afwesig was nie.</p>	<p>SKOLIERPATROLLIE / DIENSRAAD / MEDIA KAPTEINE Word toegeken aan Skolierpatrollie / Media / Diensraad kaptein wat hulle werk getrou gedoen het. 'n Leerder wat onttrek het en nie die diensjaar voltooi het nie, verbeur die toekenning.</p> <p>LEERDERRAAD Word toegeken aan al die hoofleiers, onderhoofleiers en leiers. Hoofleiers ontvang ook 'n houttrofee. Indien 'n leerder-raadslid geskors word, ontvang sodanige leerder nie 'n sertifikaat aan einde van jaar nie.</p> <p>KULTUUR: Indien 'n groep kwalifiseer en gekeur is om in die Staats-teater op te tree, dus aan oudisies deelgeneem het.</p>	<p>REDENAAR –WENNER EKSTERNE REDENAARSKOMPETISIE 'n Leerder wat 'n eerste plek met die eksterne Redenaarskompetisie behaal het.</p> <p>KULTUUR: Indien 'n groep kwalifiseer en gekeur is om in die Staatsteater op te tree, dus aan oudisies deelgeneem het.</p>	<p>LIGAWENNERS Word toegeken aan al die spelers wat ten minste in 80% van die wedstryde vir die skoolspan gespeel het, en daardie span <u>ligawenners</u> was, wat nie kwalifiseer volgens kriteria vir erekleure nie. (A + B spanne)</p>

	AKADEMIE	KULTUUR	SPORT
TOEKENNING 4 EN EREKLEURE	<p>Akademie: 'n Leerder in die Intersenfase wat 'n gemiddeld van 80 % volgens die jaarpunt/promosiepunt verwerf het. Hou-trofee vir leerders wat vir 4 jaar 80% gemiddeld gehandhaaf het.</p> <p>Word toegeken aan 'n leerder wat onder die Top vyf akademiese presteerders in sy of haar graad is volgens die jaarpunt/promosiepunt verwerf het, mits die gemiddeld bo 80% is.</p> <p>Dux-leerder: Word jaarliks toegeken aan 'n leerder in die Intersenfase (Graad 4-7) wat die hoogste persentasie volgens die jaarpunt / promosiepunt in die graad verwerf het. Die leerder ontvang 'n wissel-trofee.</p> <p>Die leerder wat deurgedring het na die Gauteng kompetisie bv. Mental Mathematics/ Wetenskap Olimpiade.</p> <p><u>GETROUE SKOOLBESOEK</u> Word toegeken aan 'n leerder wat vir sewe jaar nie een dag afwesig was nie. Ontvang ook 'n klein trofee.</p>	<p>KUNSWEDSTRYD: (<i>Stilstaande poësie, kuns, vokaal, onvoorbereide lees – items waarvoor die skool inskryf</i>) Indien 'n leerder per afdeling 'n A++ of Medalje-, Diploma-, afdelings-wenner, finalis of Trofeewenner is met die Eisteddfod of Afrikaanse Kunswedstryd of Noorderkruin Kunstefees, mits die leerder onder die skool se naam deelgeneem het die betrokke jaar. Indien die kunsvereniging se reëls bepaal dat skole slegs vir sekere items mag inskryf sal deelnemers wat aan ekstra items wil deelneem toegelaat word om by die ateljees in te skryf. Die skool moet in kennis gestel word van sodanige inskrywings. Let wel: erkenning word slegs gegee aan stilstaande poësie, kuns, onvoorbereide lees en vokaal.</p> <p><u>REDENAARS:</u> Indien 'n leerder deurgedring het na die Semi Finaal of finaal met 'n Nasionale of Streekkompetisie of eksterne redenaarskompetisie in 'n Redenaars-kompetisie.</p> <p><u>REVUE / KOOR:</u> Indien 'n groep per afdeling 'n A++ of Medalje-, Diploma-, afdelings-wenner, finalis of Trofeewenner is met die Eisteddfod of Afrikaanse Kunswedstryd of Noorderkruin Kunstefees. Deurgedring na finaal van Kaleidoskoop, Sing-it, KYKNET of SA-Championships.</p> <p><u>KULTUUR:</u> Indien 'n trofee by die kunsvereniging verwerf word.</p> <p>Erkenning word net vir die hoogste toekenning gegee.</p>	<p>Erekleure word toegeken aan sportsoorte (skoleliga) wat by Danie Malan beoefen word. Elke lid van die span kwalifiseer vir ere-kleure mits die leerder ten minste in 80% van die wedstryde vir die skool gespeel het of lid van die skoolspan was in die betrokke jaar. (nie klubs).</p> <p><u>ATLETIEK:</u> Deelname aan provinsiaal of verder <u>GHOLF:</u> Stadsbekerwenners <u>HOKKIE:</u> A - of B-ligawenners <u>KRIEKET:</u> B ligawenners of verder <u>LANDLOOP:</u> Deelname aan provinsiaal of verder <u>NETBAL:</u> Distrikswenners of verder <u>RUGBY:</u> B ligawenners of verder <u>SAGTEBAL SEUNS:</u> Tshwane wenners <u>SAGTEBAL DOGTERS:</u> Speel in finaal van Tshwane kampioenskap of verder <u>SKAAK:</u> Span distrikswenners <u>SOKKER:</u> Ligawenners <u>TENNIS:</u> A of B ligawenners</p> <p><u>PROVINSIALE EN NASIONALE KLEURE</u> Indien die leerder lid was van 'n sportsoort van 'n skoolspan vir daardie jaar, en hy word verkies tot een van ondergenoemde spanne, of is lid van 'n span wat geaffilieer is by 'n Suid-Afrikaanse unie:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lid van Bloubul A/B span, • Gauteng-Noord • Suid-Afrikaanse span • Lid van 'n span wat by 'n Suid-Afrikaanse unie geaffilieer is • Lid van Northern A/B span, • Distriksontwikkelingspan

PROSEDURE

- Erekleure word toegeken so vinnig moontlik nadat die aktiwiteit afgehandel is.
- Die leerder ontvang 'n brief van die skool. Die brief kan na Overkruin uitrusters / Silvercross geneem word waar 'n kleurbaadjie gekoop kan word met die lapelwapen. Die lapelwapen word deur Overkruin uitrusters/ Silvercross vasgewerk op die ouer se onkoste.
- Ouers kan die erekleure briewe hou totdat hul kinders in Graad 6 of 7 is en dan eers die kleurbaadjie aankoop.